Saam Bid | **2 Julie 2023** | **Ds. Pieter Badenhorst**

kringe@moreleta.co.za

Inleiding

Ons gesels met mekaar oor gebed. Hierdie week gesels ons oor saam bid. Dwarsdeur die Bybel, Ou Testament - Nuwe Testament is daar die mooiste voorbeelde van die krag van gebed wanneer mense saam bid. Dit gaan oor saam bid in die kerk, die groot groep, ook saam bid in klein groepe soos in Kringe waarin ek behoort, soos my gesin, my huwelik, iemand saam met my by die werk. Daarin lê krag.
Ek bid dat julle in julle groep dit sal beleef wat die Bybel sê oor die krag van gebed in saam bid.

Wenke vir leier

Dis baie belangrik dat jou hele groep met hierdie les sal saam bid aan die einde.
Al gee jy vir elkeen net een sin om vir die Here voor dankie te sê of iets voor te vra.
Doen dit in 'n sirkel en hou jy dan ook net as leier by die een sin.

Lees saam

Mat. 18:20

Gesels saam

- Lees Hand. 4:24-31 en gesels oor hierdie gebed van die eerste gelowiges in baie moeilike omstandighede. Kyk na die elemente van die gebed wat hulle vra, wat hulle nie vra nie. Kyk na die uitkoms van die gebed aan die einde.
- Praat in julle groep oor julle ervaring van saam bid en hoe kan julle in die groep dit beter kry om mekaar beter te ondersteun en saam bid en dieselfde ervaring te hê as daardie eerste gemeente

Doen saam

1. Verduidelik hoe jy die gebedswiel van laasweek gebruik en ervaar het.
2. Bid die komende week vir mekaar en probeer ten minste een keer saam met iemand te bid

Bid saam

Besluit as groep op 'n paar punte wat julle voor die Here wil neersit, na aanleiding oor wat julle gepraat het.
Of behoeftes in die groep of persoonlike behoeftes van groeplede.
Sodra julle besluit het op 'n paar punte deel dit onder mekaar dat elkeen net vir een saak te bid, nie lank nie.

Leer meer / kyk weer

Kliek hier

Kliek hier om weer te kyk.

Navrae

kringe@moreleta.co.za
012 997 8100

Algemene info
info@moreleta.co.za
012 997 8000

Bid saam

Gebedsversoeke
076 351 8383
gebed@moreleta.co.za

Hulp?

Berading - Moreleta Wholeness Sentrum
wholeness@moreleta.co.za
012 997 8035